Sondag, 22 Maart 2020
Vierde Lydensondag

Hierdie lydensbeker drink ons nie alleen, maar Christus vóór en vír en mét ons...

"Toe antwoord Jesus: 'Julle weet nie wat julle vra nie. Kan julle die lydensbeker drink wat Ek gaan drink?' 'Ons kan', antwoord hulle. Toe sê Jesus vir hulle: 'My beker sal julle drink...'"
(Matteus 20:22-23).
"Toe neem Hy 'n beker, en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir hulle en sê: 'Drink almal daaruit... Ek sê vir julle: Van nou af sal Ek nie weer van hierdie wyn drink nie tot op die dag wanneer Ek saam met julle die nuwe wyn in die koninkryk van my Vader sal drink.'"
(Matteus 26:27-29).

Jesus van Nasaret se boodskap – *"Kom tot inkeer, die koninkryk van die hemel is hier"* (Matteus 4:17) – het deur Galilea weerklink; 'n koninkryk vir kleintjies, gebrokenes en verstotenes; 'n ruimte van heling, vergifnis en veral barmhartigheid. En toe kom Sy aankondiging in die dissipelkring, drie keer: die reis na Jerusalem is 'n reis na die kruis (16:21-23, 17:22-23, 20:17-19). Ondenkbaar: koninkryk, kroon, kruis. Petrus en die ander kon hul dit nie voorstel; dis opmerklik hoeveel gesprekke daarná gegaan het oor "belangrikheid"; oor "grootwees" in die koninkryk; oor wie sit langs die troon (20:21)...

Waarop Jesus dan reageer, met 'n onverwagse vraag: *"Kan julle die lydensbeker drink wat Ek gaan drink?"* (20:22). Johannes en Jakobus antwoord dadelik: *"Ons kán"*, en Jesus sê: *"Ja, my beker sal julle drink..."* (20:23). Het hulle daarvan opgekyk, gehoor wat Hy sê? Uit die gebede en liedere van ou Israel het hulle dié beeld geken: die beker van God se goedheid, gevul met Sy seën (Ps. 23:5, 116:13)... maar óók die beker van oordeel, 'n diep, wye, bitter beker vol lyding, skrik en angs; God se toorn oor onreg (Ps. 75:9, Eseg. 23:32, Jer. 25:15-16). Twee bekers, sprekend van ons eie lewe: die beker van goedheid en genade, én die beker van ons eie gebrokenheid en verganklikheid. Want, sê Jesus, by die ingaan in die koninkryk van God in, staan 'n lydensbeker te drink; 'n beker van stroping van alle eiewaan, van grootdunk, valsheid en voorgee – *"as jy agter My aan wil kom, neem jou kruis op en volg My..."* (16:24).

'n Week later, die Donderdagaand met hul pasgamaal van brood, kruie en wyn, het Jesus die misterie van hierdie beker nóg 'n keer verdiep: die beker van danksegging vir bevryding eeue tevore (26:27) sê Hy dan ineens, is Hyself, sy bloed, sy lewe – vir óns! Soos by die profeet Jesaja vind daar 'n omruiling plaas (51:17, 22): God ruil die oordeelsbeker om! Christus gee Homself; Hy drink die allerlydensbeker tot die laaste druppel toe en verseker ons daarmee dat wanneer ons dan ooit ons eie lydensbeker moet drink, Hy dáár sal wees. Want in die beker wat omgeruil is, verseker Hy ons, ontvang jy My; die nuwe wyn wat wag, is die wyn van Sy teenwoordigheid – troosryk, heilsaam, vredevol... Christus wag saam met ons tot die voltooiing van dit alles.

JL.

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout – 'n erediens op 'n nuwe manier; ons kerkdeure het toegegaan – maar kyk, ook oop! Hieronder vind u die liturgie, en die diens self kan gevolg word via ons webblad, op *Facebook* en op *YouTube* – die skakel daarheen is per epos en whatsapp na alle lidmate uitgestuur.
Ons nooi jou om saam met ons te aanbid.

LITURGIE

Orrelvoorspel: "Die Here is my herder en bewaarder,
U is by my in diep en donker klowe" (Psalm 23)

Aansteek van die groot Wydingskers

Wydingslied: Lied 391:1

Vervul, o Heer, my hart met stille wyding
waar ek herdenk die diepte van u lyding,
hoe U daar aan die kruis vir my gesterf het;
my heil verwerf het.

Votum: "Wie sal ons glo as ons hiervan vertel?
Wie sal die krag van die Here hierin kan raaksien? (Jes. 53)

Wydingslied: Lied 391:2

U lyding breek my trotse hart en rede;
dit buig my neer, en skep in my u vrede;
dit bring die heil wat my, Gods teëstander,
tot vriend verander.

Seëngroet

Skriflesing: Matteus 20:17-23 en 26:20, 26-30

Oordenking

Gesamentlike gebed:

"Here God,
Ons aanbid u as die Skepper van hemel en aarde,
van sterre en planete, berge en dale, fonteine en riviere,
plant en dier en ons, U mense –
U is die Bron van alles wat lewe.
U is die Versorger van alle lewe.
Ons dank U vir u Woord, wat lewe gee, na gees en liggaam.

U Woord laat ons vanoggend antwoord, Vader, met 'n gebed –

Ons bid om U teenwoordigheid in hierdie tyd,
naby aan ons;
naby aan elkeen in sy of haar huis, by 'n tafel;
naby aan elke gesin wat na beskerming verlang;
naby aan ons kinders of ons ouers wat ver hiervandaan is;
naby aan elkeen wat alleen voel;
naby aan elkeen wat bang is, onseker of ontredderd;
naby aan elkeen wat honger of dors is of nie werk het nie;
naby aan elkeen wie se kragte min is, wie se jare baie geword het;
naby aan elkeen wat siek is;
naby aan elkeen wat sterwend is;
naby aan elkeen wat by só 'n bed waak;
naby aan elkeen wat as dokter of verpleër moet help, moet genees, moet keer;
naby aan elkeen wat na goeie medisyne vir ons siektes soek;
naby aan elkeen wat noodsaaklike werk moet bly doen;
naby aan ons leiers wat elke dag die regte besluite moet neem en dit deurvoer;
naby aan elkeen wat na wysheid soek –
Here, ons bid om U teenwoordigheid.

Ons bid om genade. Ons bid om vergifnis.
Ons bid om die heling van ons harte.
Ons bid om troos. Ons bid om U beskerming van ons lewens.
Ons bid om uitkoms. Ons bid om krag.

En ons bid dit, in U Naam – Christus, Jesus – help ons Here!
Amen.

Wydingslied: Lied 388:1 en 387:4

Die Woord het deur die eeue
die boodskap reeds gebring
van Jesus se geboorte
en sy vernedering.
Wie sou Hom só verwag het,
só sonder koningskroon?
As menseseun gebore,
het Hy by ons kom woon.

Ek dank U, Heer, van harte
dat U, Verlosser, Vriend,
vir my die bitter smarte
gely het, onverdiend!
Waar ek hier ook mag swerwe,
dié troos sal ek behou
dat as ek eenmaal sterwe,
ek, Heiland, U aanskou.

Uitdoof van die vierde lydenskers

Seënbede

Orrelnaspel: "God is vir ons 'n toevlug in die nood" (Psalm 46)

MEELEWING EN VOORBIDDING

Hoewel ons nou verder van mekaar af staan, fisies, dra ons in ons harte en gebede steeds die name van hulle wat vandag en in hierdie week verjaar: hartlik geluk aan Rudi Engelbrecht (22/3); Willem Groenewald, Christa Prinsloo, Lambrecht Scheepers, Wikus Schutte, Andries Snyman en Rachelle Wilson (23/3); Elsie Haasbroek en Lisa Meyer (24/3); Ida Harris, Johan J v Rensburg, Willem Rossouw, Izabella Swanepoel en Jochemus van Tonder (25/3); Anna-Maria Fourie (27/3); en Alida Attwell, Marieta de Wet, Iné du Plessis en Gerhard Jansen (28/3).

Ons dink in gebed ook aan lidmate wat siek is, in hospitale of tuis: Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a); Ina Snyman (Oliewenlaan 10, Noorderbloem, wyk 17); Conna Lups (Deanelaan 25, wyk 20b) en Beatrice Carshagen (Cussoniahof 8, wyk 20b).

Ná ‘n lang siekbed en verswakking, is Tannie Constance Reyneke (Serenitas 20) afgelope Dinsdagoggend oorlede – ons meegevoel aan Ilse en al haar kinders ver in die buiteland; ons wag vir julle tot wanneer moontlik om haar gedenkdiens te hou.

Geagte Berg-en-Dallers,

Soos wat ons Woensdag in ons Pastorale Brief aan julle deurgegee het, moes die Kerkraad in die aangesig van hierdie nasionale Covid 19-krisis wat wêreldwyd ook ‘n vreeslike tol eis, maatreëls tref om van die kant van Berg-en-Dal, julle as lidmate se gesondheid so goed moontlik te beskerm, asook dié van ons eie personeel. Saam met ons landsregering, leiers in ons gemeenskappe en alle dokters en gesondheidswerkers probeer ons die vinnige verspreiding van hierdie virus bekamp én terselfdertyd hulp en ondersteuning bied waar nodig. Neem asb. weereens van die volgende kennis:

1) Alle **eredienste** vir die komende Sondae (29/3 en 5/4) word nie in die kerkgebou gehou nie, maar word aangestuur op ons webblad, Facebook, YouTube en op u selfoon (via whatsapp). U sal Vrydae daarvoor die liturgie in ‘n Fokus-blaadjie ontvang.

2) Oor die eredienste en byeenkomste tydens **Groot Lydensweek en Paasnaweek** sal ons weer met u kommunikeer soos wat die situasie ontwikkel.

3) Alle **kleingroep-byeenkomste** van watter aard ook al, soos wat op die Almanak verskyn, is afgestel en sal moontlik eers ná 15 April hervat – ons sal u weekliks inlig.

4) Ons **personeel** bly aan diens en werk vanaf hul huise; almal is per selfoon of epos bereikbaar. Die kerkgeboue, terrein en kerkkantoor is egter gesluit. U kan Rita van Zyl kontak by kantoor@bergendal.co.za of 083-656-1680. Ds. Johan Marais is tans met verlof – in geval van nood, skakel ds. Jan Lubbe (082-784-9362).

5) In alle wyke is daar **‘n kerkraadslid of wyksleidster** wat beskikbaar is in geval van nood, van watter aard ook al. Hulle sal met u kontak maak, maar neem asb. vrymoedigheid om te laat weet as u hulp nodig het – ons dink veral aan bejaardes of eensames wat broos is; bel betyds. Laat ons nou die gemeenskap van gelowiges wees wat Christus ons gemaak het – die huisgesin van God. Hou moed, Hy is by ons.

6) Hieronder verskyn ons bankbesonderhede indien jy só ‘n eredienskollekte of **dankoffer** of spesiale bydrae in hierdie tyd van nood wil maak – dankie! Alreeds het ons mense in nood daarmee begin help...

NG Kerk Berg-en-Dal ABSA Tjekrek. 470-580-011